# Die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria: Vrae oor sy identiteit en sy problematiek

J P Oberholzer
Universiteit van Pretoria

Abstract
The Faculty of Theology (Sec A) at the University of Pretoria: Inquiry into its identity and problem areas

This article is a short survey of theological viewpoints on the character and task of the church, as reflected in church literature during the past 75 years. It is shown that political history after World War II had a marked effect on thinking in the Nederduitsch Hervormde Kerk and that recent changes on the political scene pose penetrating questions to theologians. A full inquiry into the contours of self-definition is called for and some relevant issues are indicated: an honest evaluation in respect of the political and social context which is reflected in positions adopted, a pastoral compassion which takes note of human misery, cognisance of the ecumenical character of the church, and ethical and academic responsibility.

Elke geslag moet homself nuut ontdek. Die vraag, 'Wie is ek?' hang nooit los nie. Daar is omstandighede en verhoudings oor die wye vlak van die menslike lewe wat saam praat en dié vraag help beantwoord. Die 'ek' wat die vraag vra, vra en antwoord dit soms onbewus, soms halfbewus, heel selde met helder insig in tyd en omstandigheid. Die driekwart eeu van die Fakulteit Teologie (Afd A) se lewe en werk

stel die vraag na sy identiteit en sy wil. Die antwoord is nie enkelvoudig nie. Die Fakulteit het kontekste – histories en kontemporêr. Die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika, Teologie, Wetenskapsbeeld, Didaktiek en nog meer, het vanaf 1917 nie star dieselfde gebly nie.

Polities het die land by keerpunte verbybeweeg: die staking van die twintigerjare, die samesmelting van die dertigerjare, die Tweede Wêreldoorlog, die Nasionale Party se oorwinning in 1948, die weerstand van die wêreldmagte vanaf die sestigerjare, die koersverandering van die laat-tagtigs en by die skrywe hiervan die vraag of onderhandeling wel 'n bestendige politieke bedeling kan meebring. Ekonomies het oor hierdie 75 jaar die landelikheid plek gemaak vir verstedeliking wat tans beweeg na snelle, dikwels ongeordende verstedeliking. Die arbeidsaanbod oortref die aanvraag by verre, produktiwiteit lê laag, die rand daal steeds in waarde, armoede neem toe, geweld en misdaad is aan die orde van die dag.

Die Fakulteit bevind hom in 'n klimaat van politieke spanning en konflik, ekonomiese druk en sosiale onsekerheid. Die erkenning van dié omstandighede is traumaties, besonderlik vir diegene wat oor die jare vanuit 'n betreklik beskermde situasie gedoseer en geteologiseer het. Die gewaarwording dat ongeveer alles waarvoor 'n mens gestaan het en wat hy as uitgangspunt aanvaar het, misluk of verloop het, is pynlik.

Min is nog gedoen aan die tekening van die verloop van die resente kerkgeskiedenis met die oog op 'n enigsins objektiewe selfbeeld. Die statistiese verhaal is op sigself aandagwekkend. In 1917 het die Nederduitsch Hervormde Kerk bestaan uit 17 261 belydende lidmate in 33 gemeentes, bedien deur 12 predikante (*Almanak* 1918:67-93). In 1991 is daar 133 091 belydende lidmate in 314 gemeentes, bedien deur 337 predikante, met nog 'n aantal dienaars van die Woord in sinodale diens en 14 dosente, getuienis dat die kerk 'n besondere groei in lidmatetal ervaar het en bowendien meer as voldoende voorsien is van dienaars van die Woord. Die 12 predikante van 1917 was belas met die herderlike sorg vir gemiddeld 1 438 belydende lidmate; tans is die gemiddeld 460 lidmate per predikant (*Almanak* 1991:269). In dié opsig het die vestiging en onderhoud van die Fakulteit ryke vrugte afgewerp. Oor die 75 jaar is meer as 500 predikante aan die kerk gelewer en het 56 die doktorale studie voltooi. Onder die genoemde 12 predikante van 1917 was daar twee wat die doktorale eksamen afgelê het (Van Belkum en Fourie) maar geen gedoktoreerde nie. Tans is daar sowat 30 wat in die Teologie en nog vyf wat in ander rigtings gepromoveer is. Die Fakulteit self het pas in 1946 'n eerste promosie gelewer, maar sindsdien het daar 'n bestendige stroom gevloei in vergelyking met kerklike ledetal, en die Fakulteit se studentegetalle was self ook 'n indrukwekkende stroom.

Die gunstige statistiek het egter 'n keerkant. Vanaf 1987 vertoon die lidmatetal van die Hervormde Kerk 'n dalende of minstens 'n statiese tendens (*Almanak* 1991: 269). Dit stem ooreen met die daling in groeitempo van die blanke bevolking en is die stille getuienis daarvan dat die groei in lidmatetal 'n geboorteverskynsel was en nie kerkgroei deur evangelisasie nie. Dit het tot gevolg gehad dat die Fakulteit stappe moes doen om sy studentegetalle te verminder, iets wat op sy beurt 'n nadeel inhou vir die vooruitsigte vir die toekoms.

Die statistiek dui op simptome van wat 'n bepaalde siektetoestand kan wees: 'n kerk sonder dinamiek. Bevestiging daarvan al dan nie kan miskien kom uit die dowwe spieël wat die kerklike literatuur bied. Vir dié doel word hier verwys na gedagtes van teoloë van die kerk oor die afgelope driekwart eeu, veral aan die hand van die vraag hoe die kerk sy eie aard en taak prakties geformuleer het. Dit is niks meer as 'n vlugtige oorsig en die aanduiding van tendense nie. Hopelik word daardeur breër en dieper ondersoek gestimuleer.

Brandt het in 1916 soos volg die geestesgesteldheid getipeer: 'Zijn wij niet allen vermoeid van het vechten en strijden, vermoeid van den gruwelen van den vreselijksten oorlog, die ooit op aarde gewoed heeft, vermoeid van het zoeken en zwoegen naar aardsche schatten, vermoeid ook van het denken over vraagstukken, waarop wij geen antwoord kunnen vinden' (Brandt 1917:88). Wanneer hy dan voortgaan om die predikantenood te teken, blyk dit dat hy die kerk in 'n lewenstryd gewikkel sien. Meer arbeiders sal die gemeentes kan versorg, die kerkblad kan uitbrei, die Sondagskole kan beman, die lede van die kerk elders in Afrika te hulp kan snel (Brandt 1917:90-91). Later wys hy op die vooroordeel teen die prediking van die evangelie aan die heidene, die verval van huisgodsdiens, verkeerde Sondagviering, oorgaan na ander kerke ensovoorts. Dan vervolg hy:

> Zal er waarlik 'n toekomst zijn voor onze kerk, dan moeten onze leden niet alleen weten de beginselen waarop die kerk gebouwd is, maar ook getrouw zijn, dan moet er gezorgd worden, dat er mannen, onze eigen zonen, uit onze kerk, op onze kansels komen, om het Evangelie te verkondigen en de gemeenten op te bouwen...Willen wij 'n afzonderlike kerk zijn en blijven, dan moet er een einde komen aan de onverskilligheid van velen, ook onder de predikanten, ouderlingen en diakenen voor de belangen van de gehele kerk....
>
> (Brandt 1921:186-187)

Van besondere belang is Brandt se poging om die spesifiek Hervormde geestesklimaat weer te gee. Hy doen dit aan die hand van die temas 'kerkbegrip', 'beeld van Jesus Christus', 'sakramente' en 'heidensending' en toon telkens aan om watter rede

sekere verskynsels en begrippe nie in die Hervormde Kerk figureer nie (Brandt 1925). Hy sluit af:

> Moge deze uiteenzetting dienen om tegenover de zusterkerken onze houding te rechtvaardigen en historisch te staven, om onze eigen jongere en oudere leden aan te moedigen onze kerkgeschiedenis te bestudeeren en standvastig te zijn en ons allen te sterken in het voortzetten van de historische lijn van ontwikkeling, waardoor wij onder Gods bestuur nog als een afzonderlike kerk bestaan, opdat ons recht van bestaan voor iedereen duidelik mag zijn en wij niet als ontrouw gevaar lopen, dat onze kandelaar van hare plaats geweerd worde en onze naam uit de rij der Christelijke kerken worde weggedaan.
>
> (Brandt 1925:117)

Oosthuizen behandel ongeveer dieselfde sake as Brandt in reaksie op bewerings dat die Hervormde kerk 'teen gebed, bekering, geestelike lewe en sending is en onverskillig staan teenoor probleme wat ons volkslewe raak'. Belangrik is veral sy motivering vir die kerk se weiering om deel te neem aan agitasies vir bepaalde staatsoptrede: 'Sulke inmenging kan alleen daartoe lei dat die kerk sy eie roeping verwaarloos en ontaard in 'n politieke organisasie' (Oosthuizen 1934:157).

Die verhouding tussen kerk en volk is deur Van Zyl verder uitgewerk na aanleiding van die vraag: 'As ons kerk dan nog altyd aan die kant van die volk gestaan het, waarom beweeg hy hom dan ook nie op die verskillende terreine van die volkslewe nie, waarom spreek hy hom dan ook nie uit oor volk- en staatsaangeleenthede nie, waarom gee hy dan nie 'n uitspraak, soos baie verlang, oor die oorlog nie?'

Nadat hy die kerk gedefinieer het as van God gegee, alleen daar waar die gekruisigde Christus verkondig word en met as opdrag die prediking van die evangelie en die uitdeling van die sakramente, beklemtoon hy dat die kerk die magsgebied van God is en dat dit dus gaan om die eer van God en die diens van sy Woord. Daaruit volg dat daar in die kerk geen partyskap kan wees nie:

> Al die gemeenskappe, partye en verenigings buite die kerk word noodwendig ook in die kerk verteenwoordig. Die kerk erken die bestaan van hulle almal, maar het sy eie arbeid en doelstelling teenoor hulle almal, en laat hom dan ook nie met hulle onderlinge twiste in nie, beywer hom nie vir hulle strewe en ideale nie. Sodra die kerk gaan praat na die mond van een of ander party, dan verloor hy sy vryheid....
>
> (Van Zyl 1942:60)

Die Tweede Wêreldoorlog en sy nawerking het hom ook in die Hervormde Kerk laat voel en sou op die lang duur lei tot die bepaalde impasse wat tans so pynlik beleef word. By al sy oortuiging dat die kerk hom nie met die politiek moet bemoei nie, het hy steeds die vaste oortuiging gehad dat 'gelykstelling' – dit is rassevermenging – nie op die kerklike weg lê nie (Brandt 1921:185-186). Die kerk het dan ook nie geskroom om hierdie oortuiging in sy Kerkwet vas te lê en sy lewe so in te rig nie. Die motivering daarvoor is telkens aan ondersoek onderwerp en telkens is die betrokke artikel gehandhaaf; in amptelike besluite steeds as 'n praktiese maatreël met die oog op die effektiewe uitvoering van die opdrag van die kerk (Joh Dreyer 1961c). Teen die agtergrond van die heersende landsbeleid was so 'n gedragslyn uitvoerbaar. Die vraag is egter of dié artikel nie reeds verouderd is in die lig van die politieke veranderinge wat reeds ingetree het nie. Waar die wetgewende apparaat nie langer rasseklassifikasie bedryf nie, is dit sekerlik nie moontlik vir 'n kerk om so 'n klassifikasie te doen nie. Daarby kom dat die motivering vir die artikel dit nodig maak dat hy onder nuwe omstandighede juis moet verval om sy doel te dien. Van groter belang is dan ook die denkbeelde en houdings wat op een of ander wyse, tereg of ten onregte, met dié artikel in verband gebring word.

Die Tweede Wêreldoorlog is gevolg deur die opbloei van die ekumeniese beweging en 'n geweldige klem op die sosiale betrokkenheid van die kerk (Mans 1968:44-45; Van Zyl 1968:40-41). Die Cottesloe-beraad en sy nageskiedenis het die Ned Herv Kerk tot weerstand opgewek en reaksies meegebring wat ook op die teologiese denke van die kerk invloed gehad het. Die Hervormde afvaardiging na die beraad het reeds in sy rapport aan die Algemene Kerkvergadering van 1961 gewys op die verskillende teologiese agtergronde wat op Cottesloe aan die lig getree het, naamlik die Angelsaksiese Christologie teenoor dié van die suiwer Reformatoriese, en die Wêreldraad van Kerke beskryf as 'n organisasie wat die ondergang van ons volk en ons kerk wil bewerkstellig, hoewel miskien nie bewustelik nie (Notule AKV 1961:138, 240). Daarmee was die patrone vir die Hervormde denke geteken. Die kerk sou nou met nog groter oortuiging die beleid van afsonderlike ontwikkeling voorhou as die enigste lewensmoontlikheid vir volk èn kerk en het rassevermenging verklaar tot iets wat immoreel en onchristelik is (Komm van die AKV 1960, 1961b, 1961c). Die duidelike standpunte van vroeër teen politieke betrokkenheid is vervang deur redenasies dat die kerklike en politieke lewe nie geskei kan word nie en dat die kerk die burgerlike owerheid òf krities òf ondersteunend behoort te bejeën (P S Dreyer 1961a). Bepaalde teologiese temas het akuut geword: die verhouding tussen die sigbare en onsigbare kerk (Joh Dreyer 1961a; S P Engelbrecht 1961a, 1961b; A S Geyser 1961a; Stutterheim 1961; Van den Berg 1961; Van Selms 1961), die eenheid van die kerk (Joh Dreyer 1961d, 1961e; Stutterheim 1960), die verhou-

ding tussen die kerk en die burgerlike owerheid (Van den Berg 1960; P S Dreyer 1961a), die roeping van die kerk (De Wet 1961; P S Dreyer 1961b, 1961c) ensovoorts.

Opvallend is die skerpte waarmee posisies ingeneem is in die debat en veral ook die onverdraagsaamheid wat op die toneel gekom het, soos blyk uit korrespondensie in *Die Hervormer* (Augustus 1960, Desember 1960, Junie 1961). Dit het 'n stryd geword waarin die eie woord as Woord en die teenwoord as ideologie getipeer is (Geyser 1961b), maar wat in werklikheid 'n stryd tussen ideologieë was en steeds is en waarin die Bybel en die teologie telkens as handige wapens bygebring is.

Vir die doel van hierdie oorsig volstaan ek met verwysing na die bestaan van talle geskrifte waarin die ekumeniese teologie en verwante verskynsels ontleed en getipeer is. Enkeles word in die literatuurlys genoem (Van Zyl 1966; B J Engelbrecht 1968; Mans 1968; Du Plessis 1969; Koekemoer 1969; Loader 1969; Pont 1970, 1974a, 1974b; *Kerk en Wêreld* 2000:7-10; Steenkamp 1987).

Die politieke opset van die ekumeniese teologie en veral sy Marxistiese maatskappykritiek, het gelei tot 'n defensiewe sindroom en 'n steeds verder ontwikkelende isolasie, wat so sterk aangevoel is dat selfs gespreksmoontlikheid met kerke wat lede is van die ekumeniese organisasies opgehou het om te bestaan (*Kerk en Wêreld* 2000:10).

Dit is egter die ekumeniese teologie wat hom meester van die situasie betoon het. Sy noue verbondenheid met die internasionale politiek, sy identifikasie met die revolusionêre strewes van bepaalde organisasies en sy blatante aanwending van Bybelse motiewe in politieke konteks het hom die teologie van die dag gemaak. Die Bybels-Reformatoriese teologie soos dit verstaan en beoefen is in die Ned Hervormde Kerk, het al hoe meer die aanskyn begin aanneem van 'n ivoortoringteologie wat nie met die werklikhede van die geskiedenis verband het nie. Dit is nie meer as aanskyn nie, want die teologie is ook deur sy struktuur, sy taal, selfs sy swye, betrokke. In dié opsig is bepaalde sydelingse opmerkings insiggewend. Van Zyl het in 1974 sy blik op die lede van die ou Fakulteit afgesluit met 'n uiting van onrus oor politieke blokvorming, verdagmaking en organisasie in die predikante- en studentekorps (Van Zyl 1974:190). In dieselfde jaar waarin die halfeeufees van die Teologiese Studentevereniging Van der Hoff gevier is, het Rautenbach gemaan tot versigtigheid om nie 'n verkeerde soort Skrifberoep en Belydenisgeskrifberoep te bevorder uit reaksie teen die trauma rondom die Geysersaak in die sestigerjare nie 'asof die Bybel, Calvyn en die reformatore, en die Belydenisgeskrifte 'n bloudruk bevat vir die hantering van elke vraag en situasie'. 'Mens regverdig nie die verkiesing van vroulike diakens met 'n beroep op 'n enkele Bybelteks wat vir tweërlei uitleg vatbaar is nie, maar wel soos Calvyn met sy siening oor die ampte' (Rautenbach 1974:

473, 474). Drie jaar later het Rautenbach in 'n aanprysende mening oor die getuienis teenoor owerheid, kerk en volk, uitgereik en deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in Januarie 1977 die volgende gestel:

> 'n Konserwatief-geneë kerk moet waak om sy plig nie af te maak alleen met aanwysing van die onbybelse dwaling van politieke of sosiale teologieë, 'n mede-menslikheidsleer in wie die mens die hoogste wese is, 'n afwykende swart teologie en dergelike meer nie. Suiwere leer word bevestig deur goeie lewe uit dankbaarheid (Kategismus); dogma word etiek (Jakobus oor geloof en werke) en die Christen as medewerker blyk die grootste humanis te wees (so lief het God die wêreld gehad ens).
>
> (Rautenbach 1977)

Die strategie wat deur die Algemene Kerkvergadering in 1986 na aanleiding van die studiestuk *Kerk en Wêreld 2000* aanvaar is, was inderdaad 'n poging om koers te gee aan 'n tendens van gesonde balans tussen die oorgelewerde oortuigings van behoudenheid en die eise van die tyd. Belangrik is dat daarin die bevordering van die teologiese arbeid 'met die oog op die taak van die kerk en die volgende dekades' voorop gestel word en dat bevordering van die ekumeniese verband, die vryheid en verantwoordelikheid van die kerk op staatkundig-politieke gebied, die verantwoordelikheid van die kerk op sosiaal-etiese gebied, en bedieningstrukture uitgesonder word as die sake wat aandag verdien (Notule van die NHKA 1986:218-221).

Dit het spoedig geblyk dat nie alle teoloë geneig is om hierdie leiding te volg nie, sodat die strategie inderdaad nie tot ontplooiing gekom het nie. Die politieke omwenteling, wat 'n radikale breuk met gevestigde denke ingehou het, het onvermydelik sy uitwerking in die teologiese denke gehad, reaktief veral in 'n interpretasie van die kerklike aard en wese op 'n wyse wat min of geen ruimte vir soepelheid laat (Pont 1989; Steenkamp 1989).

Dit val op dat Van Heerden, wat veral gelet het op die materiaal in *HTS*, 'n ander teologiese klimaat in die sestigerjare waarneem as in die dekades wat dit voorafgegaan het. Hy skryf dit toe aan die politieke gebeure van die dag en aan 'n reaksie op die leertugsaak van destyds. 'n 'Strenger' hantering van die dogma en 'n 'versigtiger' gebruik van die historiese kritiek het daaruit voortgevloei (Van Heerden 1993:39).

Van Heerden wys ook op ontwikkelinge in die laat sewentiger- en tagtigerjare, in die vorm van herbesinning oor die plek van dogma en belydenis en van nuwere eksegetiese benaderings.

Inderdaad verkeer ons tans in 'n stadium met baie fasette en is dit lank nie meer maklik om 'n grootste gemene deler te vind tussen die teologiese posisies van

die onderskeie Fakulteitslede nie. Waar daar wel duidelike spore van 'n gemeenskaplikheid is, lê dit veral in afgrensing na buite. Dit bly steeds makliker om te sê wat ons nie is nie as wat ons is.

Tog het die grense begin vervaag. Die wetenskaplike teologie wat aan Afdeling B van die Fakulteit (Ned Geref Kerk) beslag gekry het, het dit byvoorbeeld steeds makliker gemaak om met dié kollegas op ontspanne wyse kontak te hê. Die teologiese werkgemeenskappe wat vanaf die laat-vyftigerjare ontstaan het, het kragtig bygedra tot wedersydse begrip tussen teoloë van die verskillende kerke. Van besondere belang is egter die ontwikkelinge op teologiese gebied in die afgelope dekade of twee. In dié opsig het die Teologiese Rubriek in *Die Hervormer* 'n besondere bydrae gelewer om die aandag van kerklike lesers op die teologie te vestig (Pelser 1987, 1988; Buitendag 1987; P A Geyser 1986, 1987; Breytenbach 1987; Van Aarde 1985, 1987; Velthuysen 1988; Van Wyk 1985). 'n Blik op die bydraes in *HTS* laat blyk dat lede van die Fakulteit, Hervormde teoloë buite die Fakulteit en nie-Hervormde teoloë in Suid-Afrika sowel as uit die buiteland, gelykelik gedeel het in die debatte rondom eksegetiese metodes, kanonbeskouing, teologiese en hermeneutiese modelle ensovoorts.

Die problematiek vir die Fakulteit as tegelyk universitêre en kerklike liggaam het in onlangse jare skerper in fokus gekom. Die unieke aard van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria (met sy twee afdelings en sy besondere verhouding tot die deelhebbende kerke) is raak deur Rautenbach (1975) getipeer as 'n kultuurprestasie van "n gemeenskap wat bereid was om in die sektor van die universitêre teologie-beoefening, bewus gemeenskap met-die-Bybel te wees en ook Staat-met-Bybel te wees'. Die teenwoordigheid van die Bybel aan die Universiteit beteken egter spanning. Die Bybel aan die Universiteit is voorwerp van besinning en ondersoek aan die hand van wetenskaplike metodologie; dieselfde Bybel is vir die kerk Heilige Skrif. Hierdie spanning is verwoord deur Pelser, met die bevinding dat daar 'n wyer wordende kloof tussen Fakulteit en kerk bestaan (Pelser 1989). Dit kan verwag word dat dergelike gevolgtrekkings meermale gemaak sal word, gesien veral die sensitiewe aard van die betrokke temas. Omdat die lede van die Fakulteit tegelyk kerklike ampsdraers is, benoem op voordrag van die kerk, met 'n kerklike omskrewe opdrag van opleiding en vorming, bevordering van teologiese arbeid, Woordbediening en advies aan die kerk en omdat daar 'n wyer kring van *doctores* bestaan buite die Fakulteit, sodat teologie-beoefening nie tot die Fakulteit beperk is nie, kan daar nie sprake wees van 'n kloof tussen kerk en Fakulteit nie. Daar is trouens uitdruklik verklaar dat so 'n kloof nie bestaan nie (Oberholzer 1990).

Daar is wel spanning tussen byvoorbeeld teoloë van verskillende modaliteite, of tussen dié teoloë wat op die hoogte is met die teologiese gesprek rondom eksegese

en hermeneutiek en dié dienaars van die Woord wat vanuit die geykte patrone van hulle opleidingstyd hulle taak probeer verrig; hierdie spanning bestaan egter onregmatig as gevolg van gebrek aan insig of kommunikasie of met die opset van vooringenome, onwetenskaplike houdings. Die eintlike spanning is inherent aan die teologie in diens van die kerk. Die Bybel is ten volle mensewoord en onderhewig aan die kritiese ondersoek van die menslike rede; die Bybel is ten volle Godswoord in die belydende ootmoed van die kerklike teoloog. Ons ken tog die Woord van God nie anders as in die vorm van menslike getuienis nie. Die vraag is nie of ons die Woord van God ontmoet in ons omgang met die Bybel nie, maar hoe ons dit doen. Die wonder is juis dat ons die Woord van God verneem in die allermenslikste, literatuurlikste, mees diverse, meerduidigste, vormlikste, relasionele vorm waarin dit ontvou word.

Die eis aan die kerklike teoloog is dat hy voluit in gesprek sal bly met die wetenskapsteorie van sy akademiese konteks en tegelyk voluit saam met die kerk die belydenis van alle eeue sal uitspreek. Dit vra na hermeneutiek van Skrif èn belydenisskrif, interpretasie van die teks in elke tyd waarin hy fungeer. Die spanning wat eie is aan die beoefening van die wetenskaplike teologie in en ten dienste van die kerk, is dus 'n spanning binne die kerk en binne die kerklike Fakulteit. Wat die Fakulteit betref, is wetenskaplike nederigheid aan die orde. Die een punt wat duidelik uit die teologiegeskiedenis na vore kom is dat die aanspraak op waarheid en geldigheid relasioneel en onvas is.

Dit het tyd geword om hierdie wandeltog te staak. Die beeld in die spieël is steeds onhelder. Tog is daar 'n paar sake wat hulleself aan die orde stel:

* 'n Volledige, indringende verkenning van die kontoere aan die hand van die relevante kerklike en teologiese literatuur;
* 'n eerlike selfondersoek ten opsigte van die politieke en sosio-ekonomiese konteks wat in ons houdings en oortuigings meespeel;
* 'n pastorale bewoënheid wat die menslike nood van tyd en situasie nie sal verbygaan nie;
* 'n gehoorsaamheid wat ons sal leer om nie by die ekumeniese aard van die kerk verby te kyk nie;
* 'n etiese verantwoordelikheid wat die praktykgebondenheid van ons geloof toenemend sal beklemtoon;
* 'n wetenskaplike verantwoordelikheid wat ons sal dwing tot volgehoue, intensiewe ondersoek en denke in gesprek met vakgenote oor die wye akademiese spektrum.

Literatuurverwysings

Brandt, L E 1917. Meer arbeiders. *Almanak voor de Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika* 1917, 87-92.

--- 1921. Vanwaar-waarheen? *Almanak* 1921, 181-188.

--- 1925. Onze tradities en gewoonten. *Almanak* 1925, 106-117.

Breytenbach, A P B 1987. Die vraag na die teenwoordigheid van Jesus Christus in die Ou Testament. *Die Hervormer*, Junie 1967, bl 16.

Buitendag, J 1987. 'n Ekologiese skeppingsverstaan. *Die Hervormer*, Februarie 1987, bl 16.

Dreyer, Joh 1961a. Die onsigbare kerk en die rasseprobleem. *Die Hervormer*, Januarie 1961, bl 11, 14.

--- 1961b. Leer om beter te lees. *Die Hervormer*, Maart 1961, bl 11-15.

--- 1961c. Rassebeleid van die kerk: Besluit van die Algemene Kerkvergadering. *Die Hervormer*, November 1961, bl 9, 12.

--- 1961d. Die kerk en sy eenheid en verskeidenheid. *Die Hervormer*, April 1961, bl 13.

--- 1961e. Eenheidstrewe. *Die Hervormer*, November 1961, bl 1, 2.

Dreyer, P S 1961a. Regeringsbeleid en kerk. *Die Hervormer*, Julie 1961, bl 1-2.

--- 1961b. Dis tyd om te handel. *Die Hervormer*, September 1961, bl 6-7.

--- 1961c. Gaan dan heen. *Die Hervormer*, Desember 1961, bl 13-14.

De Wet, J I 1961. Kom ons werk vir die kerk. *Die Hervormer*, Mei 1961, bl 5, 8, 23.

Du Plessis, J G 1969. Die Kommissie van die WRK vir Wêreldsending en Evangelisasie. *HTS* 24, 20.

Engelbrecht, B J 1968. Hedendaagse krisispunte in die teologie. *HTS* 23, 5-23.

Engelbrecht, S P 1961a. 'n Onaangename plig. *Die Hervormer*, Januarie 1961, bl 5, 6, 10; Februarie 1961, bl 4, 5, 8, 9.

--- 1961b. Die onsigbare en die sigbare kerk. *HTS* 17, 19-25.

Geyser, A S 1961a. Die Skrif beveel 'n sigbare eenheid van die kerk. *Die Hervormer*, Maart 1961, bl 5, 9, 10, 16.

--- 1961b. Logos en Ideologia: Woord en skynwoord. *HTS* 16, 300-307.

Geyser, P A 1986. Nuwe-Testamentici besin oor pseudepigrafie en lesergerigte hermeneutiek. *Die Hervormer*, Desember 1986, bl 16.

--- 1987. Leerhandeling en lesers van Lukas 12:35-48. *Die Hervormer*, Mei 1987, bl 16.

*Kerk en Wêreld 2000* 1985. Pretoria: KITAL.

Koekemoer, J H 1969. Die Afdeling Geloof en Kerkorde van die WRK. *HTS* 24, 12-19.

Loader, J A 1969. Die kerk in ekumeniese perspektief. *HTS* 24, 1-11.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1960. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA.
(Ook gepubliseer as: Verklaring deur die Ned Hervormde Kerk, 1961: Persverklaring deur die Algemene Kommisie, in *Die Hervormer*, Junie 1960; *Die Hervormer*, Januarie 1961, bl 11; *HTS* 16, 31.)

--- 1961. Notule van die 53ste Algemene Kerkvergadering, 9-22 Maart 1961, 45-240. Pretoria: NHKA.

--- 1986. Notule van die 61ste Algemene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA.

Mans, C J 1968. Die wêreldkonferensie van die WRK oor Kerk en Gemeenskap, Genêve 1966 ('n Beoordeling). *HTS* 23, 44-62.

Oberholzer, J P 1990. Lede van Fakulteit is een met ander ampsdraers. *Die Hervormer*, 1 April 1990, bl 5.

Oosthuizen C W (A J G) 1934. Wat is die standpunt van die Ned Herv Kerk? *Almanak vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* 1934, 153-157.

Pelser, G M M 1987. Die rol van die leser in die interpretasie van die Nuwe Testament. *Die Hervormer*, Januarie 1987, bl 16.

--- 1988. Die rol van die leser in die interpretasie van die Nuwe Testament: Teks en konteks. *Die Hervormer*, Februarie 1988, bl 16.

--- 1989. Die Bybel aan die universiteit en in die kerk. *HTS* 45, 442-450.

Pont, A D 1970. Die University Christian Movement. *HTS* 24, 207-236.

--- 1974a. Black Theology, voorbereiding vir die rewolusie? *HTS* 29, 61-79.

--- 1974b. Opmerkings oor 'n teologie van die strukture. *HTS* 29, 95-115.

--- 1989. Die Volkskerk. *Leer- en Lewenskwessies in Suid-Afrika* 12/4, 5-15.

Rautenbach, C H 1974. Vyftig jaar byderwetse Bybelwetenskap. Versamelde Geskrifte 1975. Pretoria: HAUM.

--- 1975. 'n Eietydse Nasionale Kultuurprestasie (Seteling van die Teologie-beoefening, Universiteit van Pretoria 1916-1974). *Almanak en Bybelse Dagboek* 1975, 12-24. (Ook gepubliseer in Versamelde Werke 1975, 475-487.)

--- 1977. Hervormde Opinies. *Die Hervormer*, April 1977, bl 3.

Steenkamp, J J 1987. Die Wêreldraad van Kerke se bemoeienis met die rassevraagstuk in Suid-Afrika. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Pretoria.

--- 1989. Artikel III bepaal erediensbywoning sowel as lidmaatskap. *Leer- en Lewenskwessies in Suid-Afrika* 12/4, 26-64.

Stutterheim, J F 1960. Calvyn en die eenheid van die kerk. *Die Hervormer*, Maart 1960, bl 6, 7, 19.

--- 1961. Die onsigbare en die sigbare kerk. *Die Hervormer*, Februarie 1961, bl 12, 13.

Van Aarde, A G 1985. Hervormde teologie, hermeneutiek en die belydenisskrifte. *Die Hervormer*, Junie 1985, bl 16.

--- 1987. Die kanon agter die kanon: Die ontwikkeling van die kanonbegrip in die Nuwe Testament. *Die Hervormer*, Julie 1987, bl 16; Augustus 1987, bl 16.

Van den Berg, C L 1960. Kerk en owerheid, en die rassevraagstuk in Suid-Afrika. *HTS* 16, 201-231.

--- 1961. Houe in die lug. *Die Hervormer*, April 1961, bl 7, 27.

Van Heerden, S W [1993]. Die Bybelwetenskappe in die Ned Hervormde Kerk van Afrika sedert 1959. (Word eersdaags gepubliseer.)

Van Selms, A 1961. Slae in die lug. *Die Hervormer*, Maart 1961, bl 13, 14.

Van Wyk, I W C 1985. 'n Krisis van die Skrifgesag: Die krisis van 'n godsdiensverstaan en -belewenis. *Die Hervormer*, Desember 1985, bl 16.

Van Zyl, F J 1942. Ons kerk en ons volk. *Almanak* 1942, 58-62.

--- 1966. Die ekumene, inhoud en grense van die begrip. *HTS* 21, 60-66.

--- 1968. Die agtergronde van die Ekumeniese Beweging. *HTS* 23, 33-43.

--- 1974. 'n Blik op die lede van die ou Fakulteit. *HTS* 30, 183-190.

Velthuysen, G C 1988. Openbaring en kanon – dogmaties gesien. *Die Hervormer* Mei 1988, bl 16.